
# integriteit



# Monsanto se gedragskode vir verskaffers

*Afrikaans*

MONSANTO



# INHOUDSOPGAWE


INLEIDING . . . . . 1

Doelwitte vir volhoubare ontwikkeling . . . . . 1

Verbintenis . . . . . 2

GRONDSLAG VAN MONSANTO SE GEDRAGSKODE VIR VERSKAFFERS . . . . . 3

Integriteit . . . . . 3

Dialoog . . . . . 3

Deursigtigheid . . . . . 3

Deling . . . . . 3

Voordele . . . . . 3

Respek . . . . . 3

Tree op as eienaar om resultate te behaal . . . . . 4

'n Aangename werksomgewing . . . . . 4

MONSANTO SE MAATSKAPPYGEDRAGSKODE . . . . . 4

MONSANTO EN VERSKAFFER SE ONDERLINGE VERTROUE . . . . . 4

MONSANTO EN VERSKAFFER SE ONDERLINGE VERBINTENIS TEENOOR MENSE . . . . . 5

Veilige, gesonde, beveiligde werksomgewings . . . . . 5

Respek vir menseregte . . . . . 5

Persoonlike inligting en privaatheid . . . . . 6

VERBINTENIS TEENOOR MONSANTO . . . . . 7

Regsnakoming . . . . . 7

Internasionale handel . . . . . 7

Sakegeskenke en -vermaak . . . . . 7

Maatskappybates . . . . . 8

Inligtingsbeveiliging . . . . . 8

Vertroulike en eiendomsregtelike inligting . . 8

Intellektuele eiendom . . . . . 9

Handhaaf eerlike finansiële rekords . . . . . 9

Eksterne kommunikasie . . . . . 9

VERBINTENIS TOT WETENSKAPLIKE NAVORSING, PRODUKTE VAN GEHALTE, REGULERENDE NAKOMING, EN BILLIKE MARKPRAKTYK . . . . 10

Wetenskaplike navorsing . . . . . 10

Produkte van gehalte . . . . . 10

Regulering . . . . . 10

Billike markbeginsels . . . . . 11

Reklame . . . . . 11

MONSANTO SE VERBINTENIS TEENOOR DIE WÊRELD . . . . . 11

Omgewingsbeskerming en veiligheid . . . . . 11

Verskafferdiversiteit . . . . . 12

Geen omkopery of korrupte praktyke . . . . . 12

Etiese valutatransaksies . . . . . 12

Mededinging . . . . . 12

VOLDOENING AAN DIE GEDRAGSKODE VIR VERSKAFFERS . . . . . 13

Kontakinligting . . . . . 13

Aanmelding . . . . . 13



## INLEIDING


Monsanto is 'n volhoubare landboumaatskappy wat verbind is tot sosiaal verantwoordelike besigheidspraktyke. Ons word gedryf om nie net te doen wat deur toepaslike wette en regulasies vereis word nie, maar ook wat deur 'n leier verwag word. Ons verwag van ons verskaffers se bestuurspraktyke dat dit arbeids- en indiensnemingregte van alle werknemers respekteer, prosesse volg en produkte produseer wat die minste moontlike impak op hul omgewing het, en 'n veilige en gesonde werkplek vir alle werknemers verseker.

### Doelwitte vir volhoubare ontwikkeling

Die Verenigde Nasies se Doelwitte vir Volhoubare Ontwikkeling (SDG in Engels) is in September 2015 aangeneem ná jare van gesprekke tussen belanghebbers. Dit bestaan uit 17 doelwitte wat aan die wêreld se dringendste ekonomiese, sosiale en omgewingprobleme aandag gee.

Die private sektor speel 'n belangrike rol om die SDG's te bereik. Ons werk by Monsanto dra op verskeie maniere by tot elkeen van die 17 doelwitte.





Monsanto het ses doelwitte geïdentifiseer wat besonder relevant vir ons besigheid is (SDG's 1, 2, 6, 8, 13 en 15), asook drie bykomende doelwitte wat van beduidende belang is vir hoe ons werk (SDG's 9, 12 en 17). Namate ons ons verbintenis tot moderne, volhoubare landbou uitbou, sal ons hierdie SDG's in gedagte hou wanneer ons op strategie en handelinge besluit.

STERKSTE OOREENSTEMMING MET SES SDG'S WAT MEES RELEVANT VIR MONSANTO SE BESIGHEID IS, EN DIE GEBIEDE IS WAAROP ONS DIE MEESTE IMPAK KAN MAAK.




Om die lewens vir boere, werknemers, verbruikers en gemeenskappe te verbeter, en 'n gebalanseerde maaltyd vir almal meer toeganklik te maak.




Om hulpbronne meer doeltreffend te gebruik op die plaas en hier by Monsanto.

DRIE SDG'S WAT VERTEENWOORDIG WAT ONS DOEN OM DIE SES DOELWITTE WAT MEES RELEVANT VIR ONS BESIGHEID IS, TE BEREIK.




Volgens die SDG-bedryfmatriks van die Verenigde Nasies se "Global Compact", affekteer SDG's verantwoordelike aankooppraktyke as volg:

- Om in verskafferkettings te belê wat eties, inklusief, hulpbron-doeltreffend en veerkragtig is;
- Om arbeidstandaarde, -vaardighede, -geleenthede en -welstand te verbeter weens verbeterde produktiwiteit van kontrakteurs en verskaffers;
- Om belegging in hernubare energie, waterdoeltreffendheid, en ander infrastruktuurprojekte te verhoog;
- Om in die vermoë van diversiteitverskaffers te belê deur opleiding en kapasiteitsbou; en
- Om gemeendskapsgesondheid te verbeter en onderwysbeleggings te verhoog.

Vir meer inligting oor die Verenigde Nasies se Doelwitte vir Volhoubare Ontwikkeling, besoek: www.un.org/sustainabledevelopment.

## Verbintenis

Aangesien ons ons daarop rig om verantwoordelik te lei, kom ons verbintenis tot integriteit tot uiting in ons keuse van en besigheidspraktyke met ons verskaffers (waaronder alle derdeparty-voorsieners, medewerkers en vennote). Ons verkies dit om besigheid te doen met verskaffers wat ons waardes deel en wat deur hul dade wys dat hulle soortgelyke verpligtinge het.

By Monsanto is vertroue en integriteit belangrik om elke keer die regte ding te kan doen. Die gedragskode vir verskaffers wys ons verwagtinge vir verskaffers wat produkte of dienste aan ons, ons filiale en ons geaffilieerdes reg oor die wêreld voorsien. Al ons verskaffers moet vertroud wees met en instem tot ons gedragskode vir verskaffers as voorwaarde om met Monsanto Maatskappy besigheid te kan doen.

As ons met ons verskaffers saamwerk, kan ons sinvolle verandering teweeg bring – vir nóú én vir toekomstige geslagte.

Kyk Monsanto se volhoubaarheidsverslag by www.monsanto.com/sustainability vir meer inligting oor ons verbintenis tot volhoubaarheid.

**Ons groei beter saam.**



## GRONDSLAG VAN MONSANTO SE ETIESE KODE VIR VERSKAFFERS

Die gedragskode vir verskaffers is gegrond op die Monsanto Belofte.

Die Monsanto Belofte is ons verbintenis tot hoe ons sake doen. Dit is 'n verklaring wat ons dwing om beter te luister, om ons dade en die impak daarvan deeglik te oordink, en om verantwoordelik te wees. Dit help ons om ons waardes in dade om te sit en om duidelik te wees oor wie ons is en waarvoor ons staan.

### Integriteit

Integriteit is die grondslag vir alles wat ons doen by Monsanto. Integriteit sluit in eerlikheid, ordentlikheid, beginselvastheid en moed. Ons bou op daardie waardes voort en is verbind tot die volgende:

### Dialoog

Ons luister aandagtig na uiteenlopende menings en voer deurdagte dialoog. Ons verbreed ons begrip van probleme sodat ons beter in die behoeftes van die gemeenskap en mekaar kan voorsien.

### Deursigtigheid

Ons maak seker dat inligting beskikbaar, toeganklik en verstaanbaar is.

### Deling

Ons deel kennis en tegnologie met die wêreld om die wetenskap te bevorder, om landbou en die omgewing te verbeter, om oeste te help verbeter, en om boere in ontwikkelende lande te help.

### Voordele

Ons kombineer grondige, vindingryke wetenskap met deurdagte, doeltreffende rentmeesterskap om met hoëgehalte-produkte vorendag te kom wat vir ons klante en die omgewing voordelig is.

### Respek

Ons eerbiedig godsdienstige, kulturele en etniese vraagstukke van mense oor die hele wêreld. Die veiligheid van ons werknemers, die gemeenskappe waarin ons werk, ons klante, verbruikers en die omgewing is ons hoogste prioriteit.





**Tree op as eienaar om resultate te behaal**

Ons is duidelikheid oor ons rigting, rol en aanspreeklikheid. Ons bou sterk verhoudings met ons klante en buitevennote, ons neem verstandige besluite, ons hou toesig oor ons maatskappy se hulpbronne, en ons aanvaar verantwoordelikheid om ooreengekome resultate te behaal.

**'n Aangename werksomgewing**

Ons strewe na 'n verskeidenheid in personeel en kundigheid, ons bevorder vindingrykheid, kreatiwiteit en 'n leerkultuur, ons werk inklusief in spanne saam, en ons beloon en verleen erkenning aan ons mense.

## MONSANTO SE MAATSKAPPYGEDRAGSKODE

Die optrede wat ons van ons verskaffers verwag, is nie ánders as wat ons van onsself verwag nie. Monsanto-maatskappy het 'n maatskappygedragskode wat ons identiteit definieer, en dit omskryf watter verwagtinge ons het in ons omgang met ons verskaffers. Verskaffers (insluitend derdeparty-voorsieners, -medewerkers en -vennote) en werknemers word aangemoedig om hierdie skakel oop te maak en hulle te vergewis van Monsanto se sakegedragskode:
http://www.monsanto.com/whoweare/pages/business-conduct.aspx

## MONSANTO EN VERSKAFFER SE ONDERLINGE VERTROUE

Ons verskaffers speel 'n belangrike rol in Monsanto se sukses as 'n maatskappy. Ons probeer om verhoudings van wedersydse respek en vertroue met ons verskaffers te alle tye te handhaaf. Ons heg waarde aan eerlikheid in ons omgang met bestaande en potensiële verskaffers. Alle kontrakte moet regverdig onderhandel word en nie misleidend of onakkuraat wees nie. Voorts sal ons, wanneer ons verskaffers kies om produkte of dienste aan Monsanto te voorsien, dit billik doen. Ons sal keuses maak op grond van 'n behoorlike evaluering van alle toepaslike feite, waaronder die verskaffer se gehalte, veiligheidrekords, tegniese vaardigheid, ervaring, betroubaarheid, koste, beskikbaarheid, verbintenis tot integrasie en diversiteit, en gedrag in ooreenstemming met die gedragskode vir verskaffers.






## MONSANTO EN VERSKAFFER SE ONDERLINGE VERBINTENIS TEENOOR MENSE

### Veilige, gesonde, beveiligde werksomgewings

**By Monsanto is veiligheid en beveiliging almal se verantwoordelikheid. Ons wil graag 'n veilige, gesonde werksomgewing vir alle werknemers, besoekers, klante en gemeenskappe waarin ons werk, bevorder.**


Ons verwag ook dat verskaffers voldoen aan die wette en regulasies wat op hul liggings en werkplekke van toepassing is. Ons koester verskaffers wat deurlopend probeer om 'n werkplek tot stand te bring wat vry van werkverwante beserings en siektes is.

Inligting oor Monsanto se beleide en prosedures wat oor veiligheid gaan, word aan verskaffers beskikbaar gestel. Ons verwag dat ons verskaffers voldoen aan beleide en prosedures wat veiligheid verseker, en om nóú met ons saam te werk oor veiligheids- en sekuriteitskwessies met betrekking tot produkte en dienste wat hulle aan ons lewer.

### Respek vir menseregte

**Monsanto het, in ooreenstemming met ons verbintenis tot respek en bevordering van menseregte, 'n menseregtebeleid aangeneem. Ons verwag dat al ons verskaffers aan die toepaslike indiensname- en arbeidswetgewing voldoen. Ons beleid bepaal ook besondere verwagtinge op die volgende gebiede:**

- Kinderarbeid
- Dwangarbeid
- Diskriminasie
- Vergoeding
- Werkure
- Teistering en geweld
- Vryheid van assosiasie
- Veiligheid





Voldoening sluit in om dit te verbied om teen enige iemand in enige termyn, toestand of indiensnamevoorreg te diskrimineer op grond van ras, kleur, godsdiens, geslag, ouderdom, nasionale afkoms, gestremdheid, oudsoldaat-status, geslagsidentiteit, genderuitdrukking, of seksuele oriëntasie (werklik of vermoed, op grond van identiteit, handelinge, stellings of assosiëring) of enige ander eienskap wat deur toepaslike wetgewing beskerm word.

Monsanto verwag van verskaffers om hulle te weerhou van en te voldoen aan enige regulasies en verpligtinge oor mensehandel en moderne slawerny. Voorbeelde sluit onder andere in die "California Transparency in Supply Chains Act" van Kalifornië en die "Modern Slavery Act" van die Verenigde Koninkryk.

Wanneer van toepassing verwag Monsanto van verskaffers om in te stem om verteenwoordigers van Monsanto of derde partye wat namens Monsanto optree billikerwys toe te laat om oudits van rekeningkundige boeke, rekords en fasiliteite wat deur werknemers gebruik word, te doen, om te bepaal of die verskaffer aan toepaslike indiensname- en arbeidswette voldoen.

Daarbenewens verwag Monsanto dat verskaffers van materiaal wat tantalum, tin, wolfram of goud bevat, weet waar daardie minerale ontgin is en om daardie inligting aan Monsanto te gee indien gevra.

Vir verdere inligting, besoek: http://www.monsanto.com/whoweare/pages/human-rights.aspx.

## Persoonlike inligting en privaatheid

**Persoonlike inligting sluit dinge in soos werkgeskiedenis, nasionale identifikasienommers, kontakbesonderhede, huwelikstatus, kriminele rekords en mediese geskiedenis.**

Ons verwag dat verskaffers persoonlike inligting beskerm wat Monsanto aan verskaffers gee of wat verskaffers verkry, met betrekking tot Monsanto se werknemers, kliënte en derde partye, in ooreenstemming met toepaslike dataprivaatheidwette. Indien 'n verskaffer bewus word van 'n werklike of moontlike ongemagtigde bekendmaking van Monsanto-werknemers se inligting, verwag ons dat die verskaffer dit onmiddellik aan Monsanto se sakegedragskantoor aangee, by: Web: www.contactBCOglobal.com; E-pos: business.conduct@monsanto.com; Posadres: 800 N. Lindbergh Blvd, Mail Code E1NH, St Louis MO 63167, VSA of www.monsanto.com/contactbco





## VERBINTENIS TEENOOR MONSANTO

### Regsnakoming

Ons verwag dat verskaffers ywerig moeite doen om te verseker dat hulle in volle nakoming van toepaslike wette, reëls en regulasies Monsanto-verwante sake doen.

### Internasionale handel

Wanneer 'n verskaffer se besigheid met Monsanto internasionale handel insluit, verwag Monsanto dat die verskaffers toepaslike internasionale handelsverbodwette en -regulasies verstaan en implementeer, waaronder dié wat verband hou met ekonomiese sanksies, doeane-vereistes en uitvoerbeheer. Verskaffers moet op versoek vir Monsanto voorsien van vereiste produkspesifikasies en pertinente dokumentasie om nakoming van toepaslike handelsuitvoer- en -invoerregulasies te verseker. Verskaffers mag ook wat Monsanto-besigheid betref nie deelneem aan enige ekonomiese boikot wat nie deur die Verenigde State van Amerika se regering of enige bevoegde binnelandse owerheid goedgekeur is nie, en moenie inligting voorsien wat vertolk kan word as ondersteuning van sodanige niegesanksioneerde boikot nie.

Waar van toepassing, moet verskaffers praktyke en prosedures implementeer wat die veiligheid van hul verskafferkettings in ooreenstemming met standaarde vir gemagtigde ekonomiese operateurs (AEO in Engels), die projek oor doeane-handelvennootskap teen terrorisme (C-TPAT in Engels) van die Amerikaanse departement van binnelandse veiligheid, en verwante wêreldwye verskafferketting-beveiligingsprogramme in die lande waar verskaffers met Monsanto sake doen.

### Sakegeskenke en -vermaak

Ons begryp en erken dat geskenke, maaltye en vermaak op positiewe maniere gebruik word om verhoudings te bou. Maar hierdie gebiede gaan ook gebuk onder werklike en/of vermeende probleme oor integriteit. Vervolgens kan enige verskaffer wat poog om Monsanto se verbintenis tot integriteit in die gevaar stel deur ongepaste geskenke, etes, vermaak, sakegeleenthede, voorregte, buite-indiensneming (soos indiensneming van familielede) of ander items of dinge van waarde aan Monsanto-werknemers te bied, sy verskafferstatus by Monsanto in die gevaar stel.

Om te voorkom dat dit selfs lyk of daar 'n poging tot gunstige behandeling is, mag verskaffers en alle Monsanto-werknemers net geskenke, etes of vermaak of ander items van waarde gee of ontvang wat as volg is:

- Matig
- Wettig
- Nie op 'n gereelde grondslag nie
- Besigheidtoepaslik
- Nie kontant of kontantekwivalente nie

Monsanto-werknemers mag nie vir 'n verskaffer vra vir enige persoonlike geskenk, maaltyd, vermaak of ander item van waarde nie.

Geskenke moert nie die bedrag van VS$100 oorskry nie, selfs as 'n geskenk of vorm van vermaak aan die bogenoemde kriteria voldoen. Monsanto se beleid laat nie toe dat verskaffers enige geskenke of vorms van vermaak aan 'n Monsanto-werknemer bied tydens enige voortgesette RFP- (versoek vir voorstel) of RFQ- (versoek vir kwotasie) proses, of gedurende enige ander stadium van 'n aktiewe kontrakonderhandeling nie. Monsanto se beleid verbied werknemers om sodanige items tydens hierdie kritieke tydperk van onderhandeling te aanvaar. Enige poging van 'n verskaffer om enige sodanige geskenke of vorms van vermaak tydens hierdie tydperke aan te bied, kan lei tot dissiplinering van die Monsanto-werknemer en diskwalifisering van die verskaffer.



Indien 'n verskaffer enige vrae of kommentaar het oor die behoorlikheid van die aanbied van enige geskenk, ete of vorm van vermaak of enige ander item van waarde, moet die verskaffer Monsanto se sakegedragskantoor kontak voordat dit aangebied word.

### Maatskappybates

Namate verskaffers met Monsanto saamwerk, kan toegang tot verskeie Monsanto-bates verleen word. Hierdie bates sluit soms in ons maatskappy se fisiese besittings, soos toerusting, voertuie, rekenaars, fondse en fasiliteite. Ons verwag dat verskaffers hierdie bates beskerm teen verlies, diefstal, skade, wangebruik of misbruik. Ons verwag ook dat verskaffers Monsanto se hulpbronne slegs vir gepaste sakedoeleindes te gebruik.

### Inligtingsbeveiliging

### Vertroulike en eiendomsregtelike inligting

Monsanto-hulpbronne is nie beperk tot die fisiese besittings nie. Sommige van Monsanto se waardevolste bates is die vertroulike en eiendomsregtelike inligting wat ons besit. Vertroulike inligting sluit gewoonlik in inligting wat nie deur gemagtigde Monsanto-personeel aan die publiek bekend gestel is nie. 'n Verskaffer se vermoë om Monsanto se vertroulike besigheidsinligting te beskerm is van kritieke belang vir Monsanto se toekomstige sukses en Monsanto se verhoudings met sy verskaffers. Inligtingsbeveiliging is uiters belangrik vir Monsanto, aangesien dit die vertroue van al ons klante, verskaffers en ander partye met wie ons werk, behou.

Ons verwag dat verskaffers voldoen aan alle kontraktuele verpligtinge oor vertroulikheid, en om Monsanto se vertroulike, eiendomsregtelike inligting teen ongemagtigde gebruik te beskerm. Verskaffers moenie sodanige inligting bekend maak aan enige iemand buite Monsanto nie, of selfs aan iemand binne Monsanto wat nie 'n goeie rede het om dit te weet nie. Verskaffers moet toepaslike





maatreëls neem, insluitende opleiding van hul werknemers, om te verseker dat daar by sodanige inligting nooit onbehoorlik ingegaan word of dat dit gesien, verloor, gesteel of misbruik word of dat dit wegraak of sonder toesig gelaat word nie. Monsanto duld nie enige verskaffer se gebruik van Monsanto se vertroulike en besitte inligting om met Monsanto-aandele te verhandel nie, en verskaffers moenie binne-inligting oor hul eie maatskappy met Monsanto-werknemers deel nie.

Ons verwag dat verskaffers se inligtingstelsels wat Monsanto se vertroulike inligting of data bevat, op gepaste manier bestuur word en beskerm word teen ongemagtigde toegang, gebruik, bekendmaking, wysiging, wegdoening of diensontsegging.

Verskaffers moet nooit by enige inligting kan ingaan sonder behoorlike magtiging nie, en moet nooit enige persoonlik identifiseerbare inligting oor enige iemand skuif of andersins bestuur op 'n manier wat sekuriteit van daardie inligting teen ongemagtigde gebruik of bekendmaking in gevaar stel nie.

## Intellektuele eiendom

Van die inligting waartoe 'n verskaffer toegang kan kry, sluit moontlik in Monsanto se vertroulike besigheidsinligting (CBI in Engels) en/of intellektuele eiendom (IP), wat as waardevolle Monsanto-eiendom beskou word. Ons verwag dat verskaffers Monsanto se IP beskerm, soos:

- Handelsgeheime
- Kopiereg
- Handelsmerke
- Patente
- Ontwerpersregte
- Logo's
- Handelsname

## Handhaaf eerlike finansiële rekords

Monsanto se finansiële rekords is die publiek se blik op hul mening oor die algehele sukses van ons besigheid. Die publiek maak daarop staat dat ons eerlik is, akkuraat is en inligting tydig bekend maak, in ooreenstemming met die toepaslike wette en regulasies. Dit beteken dat alle verskaffergegenereerde fakture, bestelbriewe en ander transaksiedokumente presies, akkuraat en gedetailleer moet wees om die onderliggende transaksie duidelik te verwoord.

Vervolgens verwag ons dat verskafferinligting wat aan Monsanto voorgelê word, dus heeltemal waar, korrek en volledig wees, omdat ons op die inligting wat ons ontvang wanneer ons ons rekeningkundige boeke en rekords opstel, staat maak. Ons verwag dat verskaffers aan alle toepaslike rekeningkundige vereistes en interne beheermaatreëls voldoen wanneer hulle inligting aan Monsanto voorsien.

Indien 'n verskaffer bewus word van enige onakkurate of onvolledige rekords wat dienste of produkte wat aan Monsanto voorsien is, waaronder onder andere ontvangbare rekeninge, koopbestellings, en fondsoordragte, verwag ons dat die verskaffer die saak onmiddellik by Monsanto aangee.

## Eksterne kommunikasie

Verskaffers moenie namens Monsanto praat nie, tensy hulle spesifiek daartoe gemagtig is en aangesê is, en dan slegs tot die mate wat dit gemagtig is.





## VERBINTENIS TOT WETENSKAPLIKE NAVORSING, PRODUKTE VAN GEHALTE, REGULERENDE NAKOMING, EN BILLIKE MARKPRAKTYK

### Wetenskaplike navorsing

**By Monsanto besef en begryp ons hoe belangrik dit is om etiese wetenskaplike navorsing te doen. Baie van ons sukses hang daarvan af om vertroue met verskillende groepe en persone op te bou, en baie van daardie vertroue hang af van die akkuraatheid en betroubaarheid van die wetenskaplike data wat ons voorsien.**

Ons verwag dat verskaffers wat namens ons tot navorsing bydra of navorsing doen, hulle verbind tot akkurate, betroubare en etiese navorsing.

### Produkte van gehalte

**Monsanto is verbind tot die integriteit van sy produkte en is daartoe verbind om konsekwent produkte van hoë gehalte te lewer. Verbintenis tot gehalte is 'n algemene element in ons besigheid, en dit verbind ons aan ons klante.**

Gevolglik verwag ons dat verskaffers produkte en dienste aan Monsanto lewer van hoë gehalte wat aan toepaslike wette en regulasies, asook kontraktuele vereistes en standaarde, voldoen of dit oorskry.

### Regulering

Monsanto doen internasionaal sake in 'n hoogs gereguleerde omgewing. Baie van ons biotegnologiese en verbouingsprodukte moet goedgekeur word deur regulerende agentskappe voor dit kommersieel aangewend kan word. Daarom verwag ons dat verskaffers voldoen aan alle internasionale, nasionale en plaaslike wette en regulasies oor die dienste en produkte wat verskaffers aan Monsanto voorsien.

Ons verwag van verskaffers om Monsanto se pogings om te verseker dat ons tegnologie verantwoordelik bestuur word, volgens rentmeesterskapriglyne en ter navolging van toepaslike wette en regulasies, te steun. Ons verwag dat verskaffers met Monsanto saamwerk om te verseker dat alles wat ons saam doen wel Monsanto se pogings om ons benadering tot doeltreffende produkrentmeesterskap te handhaaf, ondersteun.



### Billike markbeginsels

**Wanneer ons ons produkte bemark of verkoop, is dit noodsaaklik dat ons eerlike, etiese taktieke gebruik.**

Gevolglik verwag ons van verskaffers wat verkope vir Monsanto voorberei en reklame, promosie- en bemarkingmateriaal opstel om daardie pligte eerlik en akkuraat te vervul.


### Reklame

Verskaffers moenie valse of misleidende stellings oor die gehalte en beskikbaarheid van Monsanto se produkte maak nie. Voorts moet reklameverskaffers nie onbillike of onwaar vergelykings tref tussen Monsanto se produkte en ons konkurrente s'n nie.

## MONSANTO SE VERBINTENIS TEENOOR DIE WÊRELD

### Omgewingsbeskerming en veiligheid

By Monsanto weet ons dat 'n groot deel van ons sukses te danke is aan die gemeenskappe waarin ons werksaam is. Om hierdie gemeenskappe, hul omliggende omgewings en ons wêreld as 'n geheel te help beskerm en ondersteun, verwag ons van verskaffers dat hulle voldoen aan omgewingswette en -vereistes waar hulle werk. Monsanto het waardering vir verskaffers wat hulle verbind tot die bewaring van natuurlike hulpbronne, herwinning, verantwoordelike waterverbruik en die vermindering van afval, besoedelingbeheer, en skoner lug en water.

## Verskafferdiversiteit

Monsanto koester 'n omgewing wat ryk is aan integrasie en diversiteit, en dit geld vir alle verskaffers in ons wêreldwye verskafferketting. Ons strewe daarna om die voorste verskaffer van landbouprodukte en -oplossings wêreldwyd te wees, en daarom erken ons die waarde van 'n diverse verskaffergrondslag wat produkte en dienste vir Monsanto se wêreldwye verskafferketting kan bied.

**Monsanto se programme oor verskafferdiversiteit het gelei tot die insluiting van besighede met meerderheideienaarskap deur diverse individue (individue uit onderverteenwoordigde groepe soos omskryf deur die land), insluitend minderhede, vroue, mense met gestremdhede, oudsoldate, gestremde oudsoldate, en persone wat lesbies, homoseksueel, biseksueel en transgender (LGBT) is.** Hierdie diverse-eienaarskap-verskaffers in Monsanto se verskafferketting het 'n ekonomiese impak en bied ondersteuning in die gemeenskappe waar ons woon en werk. Ons moedig ons verskaffers aan om hul verskafferdiversiteit uit te brei deur gesertifiseerde diverse-eienaarskap-besighede aan te stel om produkte en dienste aan Monsanto te lewer, soos erken in hul onderskeie lande en deur verskafferdiversiteit-sertifiseringsorganisasies. Monsanto vra dat sy verskaffers bekend maak hoeveel hulle bestee op diverse-eienaarskap-besighede wat direk of indirek by Monsanto betrokke is.

## Geen omkopery of korrupte praktyke

**As internasionale organisasie het Monsanto met verskeie korrupsiewette oral in die wêreld te maak. Sodanige wette is ontwerp om ons te help om billik, eties, en deursigtig te skakel met regeringsbeamptes.**

Monsanto verwag dat sy verskaffers voldoen aan alle toepaslike internasionale korrupsiebestrydingswette, waaronder die VSA se Foreign Corrupt Practices-wet (FCPA). Monsanto verwag ook dat sy verskaffers nie by enige vorm van kommersiële omkopery betrokke raak nie, hetsy direk of deur 'n derde party.

## Etiese valutatransaksies

Geldwassery is die proses waartydens individue of entiteite probeer om onwettige geld te verberg of te laat lyk of die bronne van daardie fondse wettig is. Sodanige fondse kan byvoorbeeld verkry word deur kriminele optrede, dade van terrorisme, dwelmhandel, bedrog of belastingontduiking.

Gevolglik verwag ons dat verskaffers nie betrokke sal raak by enige vorm van geldwassery nie en nooit willens wetens geld te aanvaar wat onwettig verkry is nie.

## Mededinging

Monsanto verwag van sy verskaffers dat hulle met mening met mekaar vir Monsanto se besigheid sal konkurreer. Konkurrerende verskaffers mag nie onderling ooreenkomste aangaan wat hulle besigheid met Monsanto raak nie. Verskaffers wat meen dat Monsanto daaruit voordeel sal trek as andersins konkurrerende verskaffers saamwerk moet vooraf Monsanto se instemming vir sodanige reëlings kry.





## VOLDOENING AAN DIE GEDRAGSKODE VIR VERSKAFFERS

**'n Verskaffer wat voldoen aan Monsanto se gedragskode vir verskaffers sal voorkeur geniet wanneer Monsanto besluit of oorweeg om 'n besigheidsverhouding te begin of voort te sit.**

Monsanto verwag dat sy verskaffers voldoende monitering- en rekordhoudingstelsels het om aan hierdie kode te voldoen.

Daar word van verskaffers verwag om Monsanto in kennis te stel van regstappe, administratiewe ondersoeke of vervolging wat hul prestasie met betrekking tot Monsanto-besigheid kan benadeel of 'n verskaffer en Monsanto se reputasie moontlik nadelig kan beïnvloed.

### Kontakinligting

Verskaffers kan vrae of opmerkings oor hierdie gedragskode vir verskaffers stuur aan hul Monsanto-verkrygingverteenwoordiger.

### Aanmelding

Monsanto vra dat verskaffers afwykings van hierdie gedragskode vir verskaffers onverwyld by hul Monsanto-verteenwoordiger aangee, om deur die verskaffer en Monsanto opgelos te word. Indien 'n verskaffer te eniger tyd van mening is dat 'n Monsanto-werknemer strydig met Monsanto se gedragskode opgetree het, moet die verskaffer dit volledig aangee by ons sakegedragskantoor, by:
Web: www.contactBCOglobal.com;
E-pos: business.conduct@monsanto.com;
Posadres: 800 N. Lindbergh Blvd,
Mail Code E1NH, St. Louis MO 63167, VSA
of www.monsanto.com/contactbco

Verskaffers moet egter nie bloot hul teleurstelling om nie vir Monsanto-besigheid gekies te word, by hierdie kantoor aangee nie, tensy hulle meen dat die uitslag veroorsaak is deurdat 'n Monsanto-werknemer van 'n spesifieke bepaling van Monsanto se gedragskode afgewyk het.

MONSANTO

Monsanto and Vine Design® is 'n geregistreerde handelsmerk van Monsanto Technology LLC. ©2017 Monsanto Company.

Bygewerk in April 2017